VERJAARSDAE : 16 TOT 23 MAART 2008

03/17	HANNELIE	DU PREEZ	SMUTSLN 334	664 4145	01Ab
03/19	TANYA	CARSTENS	4DE STRAAT 25	664 6571	02Aa
03/19	ABRIE	LEE	THEODORESTR 45	083 456 9826	01Ab
03/19	HEINIE	MOMBERG	DF MALANLN 99	664 8027	20Ab
03/21	MATTIE	COMBRINK	HANS STRIJDOMLN 150.	664 6325	14Ab
03/21	FREDDIE	FARMER	DF MALANLN 239	082 856 3464	07Aa
03/21	IRISA	ELS	FITZPATRICKWEG 11	664 2120	09Aa
03/21	JOHAN	FREYSEN	HANS STRIJDOMLN 150	664 6325	14Ab
03/21	JOHAN	DE VILLIERS	EENHEID 24 SALIGNA	083 745 5222	26Aa
03/22	STEFAN	BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	664 4520	18Aa
03/22	SANDRA	MEISSENHEIMER	VAN RIEBEECKLN 60A	083 632 6478	19Ab
03/22	BJ	VORSTER	VAN RIEBEECKLN 101	664 0304	15Aa

HUWELIKHERDENKINGS : 16 TOT 22 MAART 2008

MAANDAG, 17 MAART			
THEO EN CELESTE GORDON	LAURISTON MEWS 2 VIKINGSTR	664 2468	26Aa
DONDERDAG, 20 MAART			
JOHAN EN ELIZE DE BEER	KRUGERLN 218	082 468 6562	11Ab
SATERDAG, 22 MAART			
WILLEM EN DRIENIE SCHOLTZ	HELDERBERG WS 5	343 8567	26Aa

ID-NOMMERS

As u onseker is of u id-nommers op die databasis is, vul asseblief die onderstaande vorm in. Die id-nommers word genodig om lidmate by die argief te sentraliseer. (Dit is veral die kinders van wie ons nie id-nommers het nie).

OUERS: Vader: ……..

Moeder: ……..

KINDERS: 1. ……..

2. ……..

3. ……..

4. ……..

Dit sal waardeur word indien u hierdie inligting aan Max Amsenga kan deurgee by Krugerlaan 286 (664-3629) of u kan die strokie in ‘n koevert in die kollektebordjie plaas. Baie dankie vir u samewerking. (Kinders se nommers vind u op hul geboorteregistrasievorm).

Enige wysigings soos telefoonnommers, selfoonnommers, werk telefoonnommers, verandering van beroep en e-pos adresse kan ook deurgegee word aan Max (664-3629). Groot ASSEBLIEF!

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 16 Maart 2008

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 16 MAART

PALMSONDAG

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
16:00 Byeenkoms in Gemeentesentrum vir almal wat musiek maak en betrokke wil wees by die erediens.
17:00 Jeugdiens: Kategese
19:00 Mosaïek

Maandag, 17— Donderdag 20 Maart
Groot Lydensweek
Eredienste elke aand om 19:00
(Ds Freddie Scheoman)

DONDERDAG, 20 MAART

Skole sluit

VRYDAG, 21 MAART

Menseregtedag

Goeie Vrydag

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman

SATERDAG, 22 MAART

22:30 Nagmaal; Ds Freddie Schoeman
(Paaswaak)

(Aflegging van belydenis van geloof)

SONDAG, 23 MAART

PAASSONDAG

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman

MAANDAG, 24 MAART

Gesinsdag

WOENSDAG, 26 MAART

17:00 Biduur
19:00 KAF-vergadering

SONDAG, 30 MAART

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens

SONDAG, 6 APRIL

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Willie en Gerda Potgieter, Krugerln 274 (083 677 57470) met Willie wat ‘n knievervanging ondergaan het en tuis aansterk (Wyk 04Aa).
2. Faan en Magda Buys, Hans Strijdomln 143 (664-4756) met Faan se vader, Faan, wat by hulle aansterk na ‘n operasie (Wyk 13Aa).
3. Adolf Crafford, Hans Strijdomlaan 182 (664-1568) van wie beide niere verwyder is en wag op ‘n nieroorplanting (Wyk 093Aa).
3. Kobus en Elize Badenhorst, Van Riebeeckln 285 (664-5338) met Kobus se broer wat nog aansterk na ‘n operasie (Wyk 03Ac).
4. Tommie en Jonada Smit, Deodarstr 155 (073 476 1256) met Jonada wat in die hospitaal was. Dit gaan beter met haar (Wyk 26Aa).
5. Charlie King, Hans Strjdomln 39 (664-6611) wat ‘n operasie ondergaan het nadat ‘n hond hom gebyt het.

ONS SOEK …

Ou verjaarsdagkaartjies om te verwerk en nuwes te maak vir hergebruik in die gemeente.

Skakel asseblief vir Belinda Veldsman (076 554 8357).

Baie dankie vir u hulp.

JEUGBEDIENING HERONTWERP

Die bediening aan ons kinders en tieners het 'n nuwe aangesig!

Ons gaan in 'n groter mate as in die verlede staat maak op die gemeente se ondersteuning en agter-die-skerms insette.

Ons het die volgende ondersteuningsfunksies geïdentifiseer:

- Logistiek (toerusting, klank, onderrigmateriaal, skryfbehoeftes ens.)
- Administrasie (klaslyste, bywoningsregisters ens.)
- Kommunikasie (sorg dat almal betyds weet wat hulle moet weet.)
- Fondse (Begroting, bestuur, insameling)
- Feeste (reël aktiwiteite soos deur bediening benodig)

Die doel van hierdie ondersteuningsfunksies is om die bediening so effektief en vlot as moontlik te laat verloop.

Stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za of bel 084-581-8139.

Daar is nog steeds 'n ernstige behoefte aan mentors en kategete wat direk met die kinders en jonmense werk.

NUWE AANDDIENS

'n Nuwe volwaardige aanddiens is in wording! Vanaf 11 Mei 2008 vind daar elke Sondag om 18:00 'n aanddiens plaas waarheen die hele gemeente en gemeenskap uitgenooi word.

Ons hoop dat veral gesinne dit sal bywoon - daar sal ook 'n kuiergeleentheid vir ouers ná die diens ingerig word.

Die aandprogram sal soos volg daar uit sien:

- 18:00 - 18:45 Aanddiens
- 18:45 - 19:30 Kategese / Kuier
- 19:30 - 20:00 Speel / Kuier

Teken dit solank in julle dagboeke aan!

GEHOORSIFTING

Kom vir ‘n gratis gehoorsifting.
As die resultate toon dat jy ‘n moontlike gehoorverlies het,
word ‘n volledige gehoortoets gereël.

As jy dan vir ‘n gehoorapparaat kwalifiseer, kan jy ‘n gehoorapparaat leen en na 2 weke besluit of jy dit wil koop of teruggee.

SO MAKLIK SOOS DIT!!

Skakel Johleen/Douw by 0860 109 152 vir ‘n afspraak in jou omgewing.

Gehoorsifting word geborg deur IMPACT HEARING SYSTEMS

OMSKAKELING VAN NUWE TEGNOLOGIE

Ek kan vir u daardie VHS tape’s oorsit na DVD toe
Ek kan vir u daardie LP’s oorsit na CD tape
Benodig u dalk sulke diens, moenie huiwer om
Thalia Horn te skakel by: 082 450 1629 of 012 653 7547
e-pos: atos@polka.co.za

RUSOORD MôREMARK : SATERDAG 29 MAART

Rusoord benodig nog ***BAIE*** goed vir hul witolifanttafel. Dit is die ideale geleentheid om van al u goed ontslae te raak wat in onbruik verval het. Pak u stoorkamers, gangkaste, motorhuise en wendyhuisies reg en neem al die goed vir Rusoord. Op dié manier kan u ‘n bydrae maak om verswakte bejaardes (wat nie hulle volle versorgingskoste kan betaal nie) finansieel te ondersteun.

Skakel Joggie Pretorius by Rusoord (664-5835)

TANNIE JOEY JAMES

Selfoonnommer 084 356 0157

Geen beperking op besoektye behalwe etenstyd 12—1 nm en 5—6 nm

‘n Besoekie sal baie welkom wees. Sy is op hierdie stadium nog alleen in die kamer.

LYDENSTYD

Ons is tans in Lydenstyd. Vandag is die vierde Sondag in Lydenstyd In hierdie jaar se Lydenstyd fokus ons op die droom wat die Here vir ons het: 'n lewe van liefde, vreugde en vrede—'n lewe wat vir ons moontl ik geword het met die lyding, kruisiging en opstanding van Jesus.

Ons volg in hierdie tyd in die voetspore van Jesus (10 Februarie).

Terwyl ons agter Jesus aan loop, leer ons dat ons 'n Vader in die hemel het wat ons liefhet (17 Februarie), wat vir ons sorg (24 Februarie), wat ons elke dag nuwe moed en krag gee (2 Maart), wat ons heelmaak en nuut-maak (9 Maart) en wat ons roep en stuur as sy dissipels (16 Maart).

Die laaste week (16 Maart—23 Maart) is die week van gehoorsaamheid, die Groot Lydensweek. Elke aand is daar 'n erediens en Donderdag ons vier die instelling van die Nagmaal. Hierna sterf ons saam met Jesus (Goeie Vrydag), word ons saam met Hom begrawe (Stil Saterdag) en staan ons saam met Hom op (23 Maart).

Ons aanskou ook hoe 'n klompie jong gelowiges hulle geloof bely tydens 'n besondere middernagdiens 22-23 Maart—dit tyd van die opstanding!

Ons wil graag al ons lidmate uitnooi om hierdie midderagdiens by te woon en so die belydenisklaskatkisante in hierdie groot stap te ondersteun.

Gedurende Lydenstyd vas ons van iets wat normaalweg vir ons lek-ker en aangenaam is (byvoorbeeld soetgoed of TV!)—om daarmee met die lydende Christus te identifiseer.

Elke gelowige word uitgenooi om hierdie pad saam te loop ... op die voetspoor van die Leeu van Juda.

(Vir meer inligting oor die kerklike jaar, kyk op die internet by http://www.lytteltonoos.org.za/kerkjaar/index.htm).

BERADINGSENTRUM

Daar word tans ernstig beplan en gewerk aan die daarstel van 'n beradingsentrum in ons gemeente gerig op die gemeenskap.

Op 12 April 2008 om 08:00 in die gemeentesentrum word 'n saam-praat geleentheid gereël vir almal wat vrae het, belangstel om te help of betrokke wil raak.

Die behoefte aan berading word al hoe groter en alhoewel goeie professionele hulp beskikbaar is, is dit dikwels baie duur en nie altyd vir almal toeganklik nie.

Indien jy die ontbyt wil bywoon, skakel 084-581-8139 of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za. (R20 donasie ter delging van die onkoste)

(Alma Schoeman is opgeleide trauma berader vir kinders – kontak haar by 084-583-0565)

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf NH Kerk in Afrika Verwoerdburg:

Belydende lidmaat:

Susanna Johanna Verreynne (nou Hough)

Dooplidmate:

Lodewicus Jacobus Hough

Gert Mathys Hough

Hulle woon in DF Malanlaan 203(a) (Wyk 11Aa)

Vanaf NG Gemeente Alberton-Suid

Belydende lidmaat:

Jacques Johan du Preez

Vanaf NG Gemeente Brackenhurst

Dooplidmaat:

Marlene Viljoen (nou Du Preez)

Hulle woon in DF Malanln 94 (Wyk 20Ab)

Hartlik welkom aan julle almal. Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by Lyttelton-Oos en inskakel by die aktiwiteite van die gemeente.

BAIE DANKIE ...

Aan almal wat bygedra het tot die CMR se koekverkoping Saterdag 8 Maart, hartlike dank. Die totale verkoping het R2100 ingebring waarvan Lyttelton-oos se bydrae R400 was.

Ria Maree

FEESBUNDEL 2008 : PEILING

Ons het u samewerking nodig. Ten einde te verseker dat ons net genoeg feesbundels laat druk en nie later te min het, of met 'n oorskot sit nie, versoek ons vriendelik dat u die beskikbare vorm in die banke voltooi indien u belangstel.

Die voltooide vorm kan in die kollektebordjie geplaas word, asseblief.

Daar is nog lidmate wat langer as 20 jaar in die gemeente woon vir wie ons gevra het om vir ons te skryf wat Lyttelton-Oos vir hulle beteken het. Skryf ***asseblief*** vir ons 'n paar woorde — dit hoef nie 'n BOEK te wees nie! En onthou om vir ons 'n poskaartgrootte foto in te sluit.

Baie dankie aan lidmate wat reeds vir ons geskryf het. Dit word opreg waardeer. Lidmate wat nie vir ons fotos ingesluit het nie — ons wag daarvoor!

Dit is **ONS** geskiedenis en elkeen se bydrae is belangrik!

BIDDAG VIR MANNE

Ons was toe net vyf manne van Lyttelton-Oos wat Saterdag 8 Maart om 0700 by Monumentpark-Wes opgedaag het.

Maar ons Hemelse Vader het die samekoms geseën. Oom (dr) Louw Alberts het 'n werklik besielende boodskap gebring oor Gebed.

Daarna het ons heerlik gekuier met vars vetkoek en tee en koffie.

Dankie Johan Smit, Floris Bellingan, Ben Maree en Johan Freysen dat julle daar was namens Lyttelton-Oos.

Mag ons Vader in die Hemel ons bewaar.

Groete Johan Bauer

ONTDEK JOU TALENTE EN STERKPUNTE

Elkeen van ons het unieke talente van die Here ontvang!

Ons kan dit in 'n doek toedraai en in die grond begrawe soos die man in die gelykenis, of ons kan dit ontwikkel en uitbou.

Wat is jou talente? Dit kan iets wees soos:

- **Die vermoë om goeie verhoudings met mense te bou**
- **Die vermoë om projekte aan die gang te kry**
- **Die vermoë om te organiseer**
- **Die vermoë om gedissiplineerd te fokus**
- **Die vermoë om mense te help om hulle potensiaal te bereik**
- **Die vermoë om met nuwe idees vorendag te kom**
- **Talle ander ...**

Kyk na jou werkdag: is dit wat jy doen in lyn met jou talente of sterkpunte of is dit grootliks sleurwerk? As jy nie jou werk geniet nie is die kans goed dat jou pligte en verantwoordelikhede nie klop met jou talente en sterkpunte nie.

Indien jy jou talente wil ontdek en wil uitbou tot sterkpunte, kontak Freddie Schoeman

(Gebaseer op "Living you Strengths" - R180)